

Dankbare mense leef Christus-sensitief

Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het. (39) Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy woorde geluister het. (40) Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: “Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!” (41) Maar die Here antwoord haar: “Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, (42) maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie.” Luk 10:38-42

Dankbare mense leef Christus-sensitief

Ons is God se mense. Daarom is ons dankbare mense!

Die rede vir min *sigbare* dankbaarheid. Die badkrane is oop maar die prop is uit.

Ons sit die prop terug deur meer Christus-sensitief te leef soos Maria.

1 Wie is nou eintlik die “gasheer” ?

2 Wat is die balans tussen bedrywig wees en aan Jesus se voete sit?

Slotverhaal: Die bewaarder van die bergstrome wat rivier word

1 Gesels oor die stelling : *God se mense is dankbare mense (Waarom so?)*

2 Hoe Christus-sensitief is ons? Gebruik die twee vrae om te toets:

1) *Watter plek het die Heer en Sy woorde in ons daaglikse lewe van dink, besluite maak, praat, gesindheid, doen en met ander omgaan ?*

2) *In watter mate help die manier hoe ek doen wat ek doen, om meer of minder met Christus in bewustelike kontak te leef ?*

3 *Hoe dink julle kan 'n mens die prop terug sit in die “bad van ons lewe”, waarvan die krane oop is?*

4 *Hoe kan ons dankbaarder leef ?*

